81/142188 (Z 30)

MINUTE

# (1) REGERINGSDIENS - SWA - GOVERNMENT SERVICES

Verw. No. / Ref. No.

Navrae/Enquiries: D. GOAGOSEB

Tel. No.: 4321 ANKER.

KANTOOR VAN DIE — OFFICE OF THE

VOORSITTER: WELWITSCHIA STREEKS LANDBOU-UNIE

POSBUS 119 KAMANJAB/ANKER

24 JUNIE 1991

Die/The VOORSITTER: AGBARE EERSTE MINISTER.
MNR. P. DAMASEB
WINDHOEK.

MENEER.

1. BESPREKINGSPUNT.

1.1 REGVERDIGHEID OP DIE GEBIED VAN LAND-HERVORMING EN ONTWIKKELING IN AL SY FASETTE 'N VOORVEREISTE.

2. INLEIDING.

2.1 DIE WELWITSCHIA STREEKS LANDBOU-UNIE NEEM KENNIS DAT SEKERE VOLKSGROEPE IN DIE VERLEDE GEEN VOORREG GEHAD HET OM GRONDBESITTERS TE WEES NIE, WEENS DIE KOLONIALE BEWIND WAT AAN DIE SPITS VAN SAKE WAS.

2.2 ONS DRA OOK KENNIS DAT ONS IN 'N FASE INGELEI IS, SONDER OM ONS GEVOELENS EN DENKE IN AANMERKING TE NEEM OM TE ROEM OP KOMMUNALE GRONDGEBRUIKE BV. DIE HUIDIGE ODENDAALPLASE.

2.3 HIERDIE STELSEL IS VIR JARE LANK DEUR HIERDIE GEMEENSKAPPE ONDER ONGUNSTIGE TOESTANDE BEOEFEN, MAAR DRA NIE NOEMENSWAARDIG BY, WEENS SY ONDOELTREFFENDE BESTUURSPRAKTYKE TOT 'N STABIELE LANDS-EKONOMIE EN

2.4 DIE ONTWIKKELING VAN DIE VERONREGTE GROEPE NIE, WAT OOK DIE VERARMING VAN DIE SPESIFIEKE GROEPE BEWERKSTELLIG.

3. AANBEVELING.

3.1 DUS STEL DIE WELWITSCHIA STREEKS LANDBOU-UNIE VOOR, DAT MET ALLE OMSIGTIGHEID IN 'N ONAFHANKLIKE NAMIBIA NA HIERDIE STELSEL NL. KOMMUNAAL GEKYK MOET WORD,

3.2 OM HIERDIE VERONTREGTE GROEPE TOT DIE KOMMERSIëLE BEDRYF TE LAAT TOETREE, SONDER DAT DIE LANDS-EKONOMIE GESKAAD WORD.

3.3 EGTER MOET VERSTAAN WORD, DAT DAAR 'N BEPERKTE ONTWIKKELDE EN NIE-ONTWIKKELDE GROND, TOT ONS BESKIKKING IS, EN ONS

© Windhoek Printers-9-4331

81/142188 (Z 30)

MINUTE

(2) **REGERINGSDIENS - SWA - GOVERNMENT SERVICES**

Verw. No. / Ref. No.

KANTOOR VAN DIE — OFFICE OF THE

Navrae/Enquiries:

Tel. No.:

19

Die/The

GEDWONGE, WEENS DIE GETAL STERKTE VAN ONS LANDBOU-GEMEENSKAPPE NIE KAN WEGDOEN MET DIE KOMUNALE-STELSEL.

3.4 DIE WELWITSCHIA STREEKS LANDBOU-UNIE WIL NIE VOORSKRIFTELIK WEES VIR DIE REGERING VAN DIE DAG, MAAR WIL VOORSTEL DAT BY DIE OORSKAKELING VAN DIE KOMMUNALE BOER NA DIE KOMMERSIËLE BEDRYF,

3.4.1 DIE VOORSPRONG WAT SEKERE GROEPE BY DIE BEKOMING VAN GROND OPGEBOU HET,

3.4.2 DIE HUIDIGE PRYSSTYGINGS IN PLASE

3.4.3 EN DIE FINANSIËLE AGTERSTAND VAN DIE VERONTREGTE GROEPE IN AANMERKING TE NEEM.

4. ALDUS GETEKEN DEUR DIE BESTUUR VAN DIE WELWITSCHIA STREEKS-LANDBOU UNIE OP DIE 24 JUNIE 1991.

4.1 DIE VOORSITTER: MNR. [signature]

4.2 DIE SEKRETARIS: MNR. [signature]

4.3 ADDISIONELE-LID: MNR. [signature]

© Windhoek Printers-9-4331